

**24 Desember**

**Skrifgedeelte: Numeri 25:1-16**  
**Fokusgedeelte: Numeri 25:13**

### **'n Blywende priesterskap**

Die Here se volk het twee vorme van owerspel gepleeg. Hulle het hulleself ontheilig met al die sedeloosheid wat gepaardgaan met die diens aan die afgode, maar hulle het ook aan die Here ontrou geword. Dit is geestelike owerspel.

Die Here se heilige woede was só verskriklik dat Hy duisende daarvoor doodgemaak het. Pinehas het 'n man en vrou wat geen ontsag vir God gehad het nie, met 'n spies doodgesteek. Dan dink 'n mens: Wat 'n wrede daad! Tog het die Here daar en dan opgehou om die volk uit te roei. Pinehas se ywer vir die Here se eer was eintlik 'n daad van versoening. Wat wreed gelyk het, was 'n daad van oorgawe aan God. Die sonde moes gestraf word. God duld dit nie.

Daarom het God 'n blywende priesterskap aan sy nageslag gegee en sodoende roep Pinehas se blywende priesterskap na die ewige priesterskap van Christus. Ons Hoëpriester wat Homself ter wille van ons laat deurboor het. Christus doen versoening vir ons deur Homself te offer. Daarom is Hy deur die Gees gesalf om ons ewige Hoëpriester te wees wat ter wille van God se eer sy lewe gegee het.

Daarom kry ons ook deel aan sy salwing om altyd en orals die amp van Christen te dra. Dis 'n blywende amp wat orals geld. Dit beteken onder andere dat ons 'n ywer sal hê vir die eer van God. Die gelowige wat in priesterlike toewyding aan die Here leef, soek die eer van God, al maak dit jou dalk ongewild. Daarin lê vir die gelowige meer seën opgesluit as wat ons ooit kan dink.

Dink bietjie mooi na: Is daar nog by u 'n vurige ywer vir die eer van God? Of het die tydsges u dalk al verlam? Wie deel het aan die salwing van Christus word deur sy Gees die krag gegee om altyd die eer van God te soek! Wie deel het aan die salwing van Christus leef orals en altyd priesterlik toegewyd aan God.

*Sing: Psalm 36:2, 3*

*Ds. RA Bain (Cachet)*